# HOOFSTUK 6
# SLOTSTELLINGE

Op grond van bevindinge waartoe in die voorafgaande hoofstukke gekom is, word kort antwoorde op die ses navorsingsvrae, soos wat dit in hoofstuk 1.4.2 gestel is, geformuleer. Die antwoorde dien terselfdertyd as slotstellinge wat die hoofsaak van die studie teties weergee.

## 6.1 EERSTE VRAAG: SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG

***Vraag***

Is daar in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is? Wat word in die Skrif binne die breë konteks van God se geregtigheid oor die reg van die verontregte, die posisie en taak van die regter en oor die proses van regspraak in geval van verontregting geopenbaar?

***Antwoord***

Ja, daar is in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is. Die Skrif gee genoegsame en deurslaggewende getuienis vir die feit dat daar geappelleer kan word, die wyse waarop dit behoort te geskied, asook die behandeling en afhandeling van 'n appèl. Kerklike appèl, soos wat dit in Artikel 31 KO voorkom, is nie – soos deur sommige eksegete en kerkregtelikes beweer word[1] – 'n *non liquet* nie en berus nie op 'n *argumentum e silentio* nie.

Dit is wel so dat die Skrif nie na meerdere vergaderinge en beroep op meerdere vergaderinge, soos wat dit in die Gereformeerde kerkreg bekend is, as sulks verwys nie. Die saak van appèl (beroep op 'n meerdere vergadering) is egter eie aan die Skrif. In geval van verontregting is daar ruimte om dié verontregting uit te wys en op regsherstel aanspraak te maak[2].

Binne die breë konteks van God se geregtigheid openbaar die Skrif die volgende oor die reg van die verontregte, die posisie en taak van die regter en oor die proses van regspraak in geval van verontregting:

[1] Deddens, 1953q:19; Roeleveld, 1972a:46; De Kock, 1982:24

[2] Die Ou Testamentiese *tsa'aq 'al* is 'n regsbegrip, wat 'beroep doen op' beteken. *Tsa'aq 'al* gaan uit van iemand wat in 'n staat van onreg is. Die verwante begrip *sjafat* dui op iemand wat verontreg is en kragtens God se verbondsbelofte op regspraak geregtig is. Die Nuwe Testamentiese *boao* en *epikaleomai tina* is eweneens begrippe met 'n juridiese belading, wat met die Latynse *appellare* en *provocare* ooreenkom (sien paragraaf 2.4.1).

- ’n Persoon het ’n reg op regspraak indien hy in terme van God se verbondswet verontreg is.

**Met opmaak:** Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 0,63 cm + Tab na: 1,27 cm + Inspringen op: 1,27 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 1,27 cm

  - Iemand wat verontreg is moet die regsgronde vir sy verontregting in afhanklikheid van die Here ernstig ondersoek, voordat ’n regskollege genader word om ’n ondersoek in te stel en regspraak te lewer.
  - Regspraak moet met ’n suiwer doel voor oë, naamlik die eer van God en die herstel van die versteurde geloofsgemeenskap, gesoek word.
- God as hoogste Regter bepaal wat reg is en hoe sy reg op aarde bedien moet word.

**Met opmaak:** Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 0,63 cm + Tab na: 1,27 cm + Inspringen op: 1,27 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 1,27 cm

  - Daar is in die Ou Testament geen eksakte onderskeid tussen ‘burgerlike’ en ‘religieuse’ regters en regsake gemaak nie; in die Nuwe Testament word duidelik tussen regters in die burgerlike hof en regters in die *ekklesia* (raad van ouderlinge) onderskei.
  - Plaaslike kerke moet mekaar in die kerkverband met hulp en raad, ook wat regspraak betref, bedien.
  - Regters moet bekwame, wyse, verstandige en ervare manne wees wat amptelike diens kan verrig.
- Regsake moet met omsigtigheid en die grootste noukeurigheid hanteer word.

**Met opmaak:** Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 0,63 cm + Tab na: 1,27 cm + Inspringen op: 1,27 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 1,27 cm

  - Deur middel van wedersydse ondervraging van die klaer en aangeklaagde moet die regter die inhoud van die klag van verontregting sover moontlik kontroleer en verifieer. Die feite op grond waarvan reg gespreek word, moet vasstaan. Daar mag nie op gerugte afgegaan word nie.
  - Die regter moet deeglik ondersoek doen deur regsvrae te stel en langs dié weg sake onderskei, saamvoeg en met mekaar vergelyk sodat tot die kern van die vermeende onreg deurgedring word.
  - Die saak in geding, naamlik die klag van verontregting, moet aan die hand van God se Woord gemeet word.
  - Na afloop van die ondersoek moet die regter tot ’n regsbevinding kom deur die reg en onreg van alle betrokkenes met duidelike bewyse aan te toon.
- Dit is die taak van die regter om die juridiese ewewig, wat as gevolg van onreg versteur is, te herstel.

**Met opmaak:** Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 0,63 cm + Tab na: 1,27 cm + Inspringen op: 1,27 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 1,27 cm

  - Regspraak is nog nie afgehandel as die regter bevind het wie gelyk en wie ongelyk het nie. Die einddoel van regspraak is dat alles weer in orde kom, dat mense gelei word op die weg van vrede. In sake waar twee mense op ’n suiwer persoonlike vlak met mekaar bots, moet regters poog om met hulle regsuitspraak tot onderlinge versoening by te dra.

## 6.2 TWEEDE VRAAG: APPÈL IN DIE KERKORDE

### *Vraag*

Wat is die wese en inhoud van appèl soos dit in 1568 in die Kerkorde van die Gereformeerde kerke opgeneem is en daarna in die Gereformeerde kerkreg tot en met Dordrecht 1618/19 ontwikkel het?

### *Antwoord*

Uit die redaksionele ontwikkeling[3] van Artikel 31 Dordtse Kerkorde word duidelik dat:

- die reg tot appèl van meet af aan kerkordelik deur die sinodes van die Gereformeerde Kerke in die Nederlande vasgelê is;
- *appellare* en *provocare* as wisselterme gebruik word, wat albei sonder enige verdere onderskeiding beroeping op 'n meerdere vergadering aandui;
- daar teen oor-reglementering van die kerkregering oor die algemeen, en kerklike appèl in besonder, gewaarsku en gewaak is;
- daar na 'n meerdere vergadering geappelleer kan word indien iemand verongelyk, verontreg of beswaard is[4];
- appèl aanvanklik primêr aan die kerklike tug verbind is, sonder dat dit tot tugsake beperk is;
- appèl deur latere sinodes uit die direkte konteks van ampstug geneem is, en tussen artikels oor kerklike vergaderinge geplaas is;
- niemand ooit die geleentheid ontneem word om in sy vermeende verontregting aangehoor te word nie;
- appèl so spoedig as moontlik ingestel moet word, veral as dit oor 'n tugsaak handel;
- kerklike vergaderinge bevoeg en daartoe geroep is om uitspraak oor 'n appèl te gee;
- 'n uitspraak oor appèl – soos alle ander besluite wat die vergadering met meerderheid van stemme neem – vas en bindend is, tensy dit met die Woord van God in stryd is;
- indien 'n appèl *sub judice* is, die besluit waarteen geappelleer is nie uitgevoer word nie totdat uitspraak oor die klag van vermeende verontregting gelewer is.

---

[3] Sien hoofstuk 3.5, waar die redaksionele ontwikkeling vanaf Wesel 1568 tot Dordrecht 1618/19 bespreek word.

[4] Verongelyking sluit verontregting (*iniuria*) en beswaard-wees (*gravis*) in. Verongelyking plaas die appellant in die posisie van beswaard-wees (*gravis*).

## 6.3 DERDE EN VIERDE VRAAG: PRINSIPE EN PRAKTYK

***Derde vraag***

Wat is volgens die Skrif, die kerkgeskiedenis en die wêreldlike reg die beginsel(s) waarop appèl en regsherstel in die kerklike lewe rus? Uit watter wesenlike aspekte bestaan dit? Hoe kan dié aspekte beskryf word?

***Vierde vraag***

Hoe funksioneer appèl met die oog op regsherstel in die konteks van die Gereformeerde kerkorde en kerkregering? Wie is geroep om reg te spreek? Watter bevoegdhede het die kerklike regters? Volgens watter kriteria en prosedure moet hulle regspreek? Wat is die grense van hulle regspraak? Op watter wyse moet hulle regspraak deur die betrokkenes in die regsaak ontvang en nagekom word?

***Antwoord***

Appèl rus op die regsbeginsel dat vermeende verontregting ondersoek en, indien onreg bevind word, reggestel moet word.

Vyf wesenlike aspekte kan rakende appèl met die oog op regsherstel onderskei word. Elkeen van die aspekte word kortliks nader beskryf. Sodoende word die prinsipe in praktyk gebring.

- Die *appellant*
  - Die appellant moet sy gronde en motief vír asook die doel mét sy appèl deeglik oorweeg alvorens hy hom op regspraak beroep.
- Die *partye*
  - Die appellant en respondent (meestal die kerkraad) is die partye betrokke by die appèl. 'n Meerdere vergadering wat oor die appèl uitspraak gelewer het, word geen party nie.
  - Ter wille van regsherstel moet die eventuele posisie van 'derdes' voortdurend in berekening gebring en gehou word.
  - Die appellant mag van 'n 'mond' by die stel van sy appèl gebruik maak.
- Die *appèlskrif*
  - Sonder om in oor-reglementering te verval, is dit ter wille van goeie regsgang noodsaaklik dat daar duidelike reëls vir appèlle neergelê word. Die appellant sowel as die regsprekende vergadering moet oor die vorm, die tyd, die kennisgewing en indiening van die appèl asook die aantal appèlle volkome duidelikheid hê.

- Die *regter*
  - Meerdere kerklike vergaderinge kan as beroepsinstansies dien. Geen vergadering mag oorgeslaan word nie.
  - Meerdere vergaderinge kan van 'n appèlkommissie gebruik maak om hulle te adviseer. Die aanwys van appèldeputate ooreenkomstig Artikel 49 KO kan in baie opsigte tot verbetering van regspraak bydra.
  - 'n Verontregte lidmaat het toegang tot die burgerlike regter, mits hy alles in sy vermoë gedoen het om die weg van kerklike regspraak end-uit te bewandel.
- Die *behandeling van die appèl*
  - Kerklike vergaderinge moet deeglik ondersoek doen na die formele sowel as materiële ontvanklikheid van 'n appèlskrif. Die besluit oor ontvanklikheid moet beredeneerd en gemotiveerd wees.
  - In hulle regspraak moet die vergadering by die grondreëls vir regspraak (waaronder die reëls vir natuurlike geregtigheid) bly. Regspraak moet binne 'n kerklike klimaat en volgens kerklike styl geskied.
  - Die wese van die konflik en die proses waarvolgens die konflik tot op die stadium van die appèl gehanteer is, moet van mekaar onderskei word. Oor beide moet uitsluitsel gegee word.
  - Die proses van behandeling bestaan uit 'n deeglike regsondersoek, regsvinding en die opstel van 'n proses-verbaal.
- Die *uitspraak oor appèl*
  - Regsuitsprake van kerklike vergaderinge moet duidelik en goed gemotiveerd wees.
  - Regspraak dra 'n pastorale karakter. Deur die implikasies van hulle besluit bekend te maak en – indien en waar nodig – advies te gee, moet die regsprekende vergadering die partye help om hulle konflik te oorkom.
  - Partye is ooreenkomstig Artikel 31 KO daartoe verbind om die uitspraak van 'n meerdere vergadering vir vas en bindend te hou.
  - Indien 'n appellant kennis van appèl gegee het, is die saak waaroor hy appelleer *sub judice*.

Aansluitend by die wesenlike aspekte van kerklike appèl is dit van belang om alternatiewe metodes van geskilbeslegting te oorweeg: arbitrasie, mediasie, bindende advies, kommissie van wyse persone en kerkvisitasie.

## 6.4 VYFDE EN SESDE VRAAG: APPÈL IN DIE GKSA, LEEMTES EN REMEDIE

### *Vyfde vraag*

Wat is die resultaat as die hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die verloop van die geskiedenis van die GKSA aan die hand van die geformuleerde norme geëvalueer word?

### *Sesde vraag*

Watter moontlike leemtes is daar in die hantering van appèl met die oog op regsherstel in die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en hoe kan daardie leemtes aangespreek word?

### *Antwoord*

In hoofstuk 5.4 is die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA geëvalueer. In hoofstuk 5.5 is leemtes geïdentifiseer. Die volgende is onder andere bevind:

- *Partye*
  - Die appèlprosedure is nie duidelik genoeg met betrekking tot die identifisering van die partye wat by die appèl betrokke is nie.
  - Geen skerp onderskeid word tussen die partye en die mindere kerklike vergadering wat reeds oor die appèl uitspraak gelewer het, getref nie.
  - Kerklike vergaderinge verwys deurgaans na die mindere vergadering as 'n *verweerder* in die saak. Dit versterk die gedagte dat die regter as 'n party in die saak betrek word indien daar teen sy uitspraak geappelleer word.
  - Dit is 'n leemte dat beide partye wat by die appèl betrokke is nie persoonlik by die behandeling daarvan teenwoordig *moet* wees nie.
  - Omdat appèl meestal met diepgaande geloofsoortuigings en intense gevoelens gepaard gaan, is dit 'n gebrek dat die appèlprosedure niks oor die ingesteldheid van die appellant en die ander party vermeld nie.
- *Appèlskrif*
  - Die teorie (prosedure) en praktyk (soos blyk uit die sinodehandelinge) is sodanig dat genoegsaam tyd vir kennisgewing van appèl gegee word.
  - Die besluit om geen vaste reël vir vroeë indiening van die appèlskrif neer te lê nie, is van belang. Dit is nie altyd prakties uitvoerbaar om 'n appèlskrif voor die vergadering in te dien nie. Daarby moet die vertroulike aard van sekere appèlle in gedagte gehou word.

Met opmaak: Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 1,9 cm + Tab na: 2,54 cm + Inspringen op: 2,54 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 2,54 cm

- Die appèlprosedure is klinkklaar oor die minimum-vereistes waaraan 'n appèlskrif inhoudelik moet voldoen. Dit blyk egter dat daar 'n leemte is wat betref die geskikte vorm waarin 'n appèlskrif gegiet behoort te word. Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif so eenvoudig as moontlik opgestel word.
- Oor die gronde vir 'n appèlskrif bestaan daar nie genoegsaam duidelikheid nie.

▪ *Regter*

- Alles dui daarop dat meerdere vergaderinge van hulle roeping tot regspraak bewus is.
- Of die vergadering in sy geheel tot verantwoorde regspraak oor 'n appèlsaak in staat is, is 'n vraag wat nie so maklik beantwoord kan word nie. Meerdere vergaderinge doen goed daaraan om hulle in hulle regspraak deur 'n appèlkommissie te laat lei. Die alternatief is om appèldeputate met 'n welomskrewe opdrag aan te wys.

▪ *Regspraak*

- Ontvanklikheid. Die bestaande ontvanklikheidskriteria vir appèlle is onvoldoende. Goeie regsgang vereis dat appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets sal word, en dat die vergadering wat daaroor moet oordeel terdeë bewus sal wees van die gewig van hulle uitspraak. Indien 'n appèl onontvanklik verklaar word, behoort die besluit gemotiveerd en skriftelik aan die appellant oorgedra te word.
- Ondersoek. Die appèlprosedure bevat slegs twee vereistes en een vergunning ten opsigte van die ondersoek van 'n appèl. Nieteenstaande die beknopte prosedure het 'n omvangryke ondersoekpraktyk oor baie jare in die kerklike lewe geyk geraak. Gemeet aan die norme vir die ondersoek van 'n appèl, word bevind dat die praktyk die prosedure by verre oortref.
- Uitspraak. Die appèlprosedure verwys nie na die manier waarop 'n kerklike vergadering regspraak formuleer en aan die betrokkenes bekend maak nie. Sinode-uitsprake oor appèlle kan breedweg in twee groepe verdeel word. Tot 1945 gee sinodes oor die algemeen duidelik omskrewe, begronde regsuitsprake. Konsekwensies van die uitspraak asook stappe wat onderneem moet word om tot regsherstel by te dra, word deur die sinode in sy uitspraak verwoord. Vanaf 1961 word uitsprake kort en bondig gestel: 'n appèl slaag of slaag nie. In baie gevalle spreek die sinode sy dank teenoor die appèlkommissie uit, maar gee hy geen aanduiding hoe die appellant en/of mindere vergadering met die uitspraak verder moet handel nie.

▪ *Regsherstel*

- Uit al die sinode-uitsprake oor appèlle wat nagegaan is, is slegs vier uitdruklike verwysings na versoening en regsherstel gevind.
- Dit is 'n wesenlike leemte dat die appèlprosedure nie uitdruklik na die uitsig op en aktiewe soeke na regsherstel verwys nie.

Met opmaak: Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 1,9 cm + Tab na: 2,54 cm + Inspringen op: 2,54 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 2,54 cm

Met opmaak: Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 1,9 cm + Tab na: 2,54 cm + Inspringen op: 2,54 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 2,54 cm

Met opmaak: Inspringing: Links: 0 cm, Met opsommingstekens + Niveau: 1 + Uitgelijnd op: 1,9 cm + Tab na: 2,54 cm + Inspringen op: 2,54 cm, Tabs: 0,63 cm, Tab weergeven + Niet op 2,54 cm

- Dié leemte reflekteer in die bondige besluite wat kerklike vergaderinge deurgaans oor appèlsake neem.

### 6.5 TEN SLOTTE

Met hierdie studie word bevind dat 'n gebrekkige appèlprosedure en -praktyk tot vermeerdering van onreg kan lei in stede daarvan dat onreg reggestel en tot herstel van vrede bygedra word.

Die geïdentifiseerde leemtes kan aangespreek word deur die appèlprosedure te hersien en, waar nodig, aan te vul[5]. Dit moet egter beklemtoon word dat die beste appèlprosedure geen waarborg vir oplossing van 'n konflik is nie. Die papier-prosedure moet op die tafel van die hart ingegraveer wees van hulle wat in konflik met mekaar leef. Ooreenkomstig 'n Skrif-gefundeerde prosedure moet daar biddend gewerk word om konflikte op te los.

[5] Voorstelle in dié verband is in hoofstuk 5.5.2.2 gemaak.